

# Gr R tot Gr 3

Senior  
eros  
Ouers

# ANTZ

(Gr. 1-3)



## PASOP VIR WAT JY VRA!

### 1 Samuel 8:4-11

Hê bereid:

- Eetgoed
- Karton en skêr vir dankie-kaartjie
- Inkleurkryte

bereiding

#### GEBED:

Vandag sê ons dankie vir al ons maatjies en juffrouens wat gesond is.

bid

#### SPELETJIE:

Ons almal hou van iets lekker om te eet. Wys die eetgoed vir die kinders. Verduidelik die geheim van die speletjie is dat die kind wat die mooiste vra alles mag kry.

*Gee ruim tyd dat hulle mooi vra, pleit en smee om dit te kry. Probeer met hulle redeneer waarom hulle dink hulle verdien dit om die eetgoed te kry. Vra of hulle nie dink dit is genoeg om met almal te deel nie.*

Wanneer ons iets baie graag wil hê, sal ons soms goeie redes uitdink waarom ons verdien om te kry wat ons graag wil hê. Ons sal aan die einde van die les eerder die eetgoed regverdig verdeel en elkeen kan daarvan kry, anders sal julle magies net pyn as net een kind alles moet opeet.

gesels

#### GESELS:

Wou jy al baie graag iets hê? Wat was dit? Wat het jy gedoen om dit te kry? Hoe het jy gevoel toe jy dit uiteindelik kry?

Vir party goed kan ons sommer net vir mamma of pappa vra wat ons wil hê, en hulle sal dit vir ons gee, soos 'n broodjie wanneer ons honger is.

Soms sal ons vra vir iets en dan sal mamma en pappa sê ons sal moet wag en spaar daarvoor tot ons genoeg geld het. Dit kan dalk iets soos 'n nuwe fiets wees of 'n kitaar. Wanneer ons genoeg gespaar het om dit te kan koop, pas ons ook die nuwe fiets of kitaar mooi op want ons weet hoe lank ons daarvoor gespaar het.

Maar soms vra ons iets wat ons dalk dink goed kan wees vir ons, maar mamma en pappa weet dat dit nie die beste vir ons sal wees nie.

gesels

(vervolg)

Hulle sal dan Nee sê. Soos daardie ekstra stuk koek wat jy op die partytjie wil eet. Hulle weet dit gaan jou maag laat pyn, maar jy hou aan om te vra en te smee en te pleit of soos hulle sê, 'n "tantrum" te gooi, totdat mamma en pappa sê: Eet maar die koek. Op daardie stadium dink jy dalk jy het gewen en is bly dat jy kry wat jy vra, al het hulle eers Nee gesê.

Maar wanneer daardie maagkrampe kom en alles pyn en seer is, is dit nie hulle wat dit gaan voel nie maar jy wat met die krampe gaan sit, omdat dit jy is wat dit so graag wou hê. Soms dink ons ons weet beter as grootmense, maar ons verstaan nie altyd dat hulle beter weet en ons eintlik wil beskerm nie.

#### LIEDJIES:

(Voorstelle)

#### Dis so lekker om die Here te dien

Dis so lekker om die Here te dien (x4)

Dis so le-e-e-ekker

Dis so lekker om die Here te dien

Dis so le-e-e-ekker

Dis so lekker om die Here te dien

Dis so swaar om laaste te dra (x4)

Dis so swaa-aa-aa-aar

Dis so swaar om jou laste te dra

Dis so swaa-aa-aa-aar

Dis so swaar om jou laste te dra

sing

#### Liedboek 540 Onthou jul nog

Onthou jul nog wie't lank terug

Die aarde goed gemaak?

Ons God en Vader wat nooit slaap

Wat altyd oor ons waak

Vir mossies sorg Hy dag na dag

Vir lelies in die vlei

Vir ons het Hy sy Seun gestuur

Hoe lief het Hy vir my

## BYBEL

Die volk Israel het baie maal so naby aan die Here gelewe en het wonderwerke gesien. Maar elke kort kort het die sonde in hulle lewe so baie geword dat hulle vir God verlaat het.

In die Ou Testament lees ons van Samuel wat die volk gelei het en vir hulle van God geleer het. Maar toe Samuel oud word, toe raak die volk opstandig. Hulle sien dat die ander volke konings het. Hulle vergeet dat God hulle Koning is en vra vir Samuel om vir hulle 'n koning te salf. Hulle wil ook hê wat die ander volke het.

Al sê Samuel vir hulle dat dit wat hulle vra, nie vir hulle goed is nie, steur hulle hulle nie aan Samuel nie, maar is soos iemand wat 'n "tantrum" gooi want hulle wil hê wat hulle wil hê, en dit is 'n koning. Dit maak Samuel se hart seer want die volk kies om nie vir God as Koning te erken nie. Hy gaan huil by God en God sê vir hom om vir hulle 'n koning te gee, maar om hulle te waarsku dat dit nie altyd lekker gaan wees onder 'n koning nie, want die koning kan alles wat vir hulle goed en mooi en lekker is, wegvat en vir homself vat. Maar die volk Israel wil niks verkeerd hoor nie. Hulle soek net 'n koning.

Kom ons lees daarvan in die Woord van God, die Bybel.  
*Lees vir die kinders voor uit 1 Sam.8:4-11*

Soms waarsku mamma of pappa ons ook dat dit wat ons so graag wil hê, nie so goed is as wat ons dink nie. Maar baie maal wil ons net iets hê omdat my maatjie dit het, en ek dit nie regtig nodig het nie.

Die volk het nie regtig besef dat hulle alweer toegelaat het dat sonde hulle wegvat van God se liefde en genade nie. Wanneer ons kies om sonde te doen, al weet ons van beter, maak ons ook God se hart seer. Hy wil vir ons lief wees en het vir ons die beste geskenk van liefde kom gee toe Jesus in ons plek doodgegaan het vir ons sondes. Maar steeds kies ons soms nog om eerder sonde te doen as om reg te lewe.

Is daar iets wat jy weet wat jy doen wat verkeerd is, iets waarvoor jy jammer wil sê. Doen dit dan. Ons sê te min dankie vir God vir sy liefde. Ons sê ook te min dankie vir mamma en pappa dat hulle so mooi vir ons sorg. Kom ons kyk die week om eerder dankie te sê as om altyd net te vra wat ons wil hê.

## doen & leer

### Maak 'n dankie kaartjie


Ons vra so maklik goed. Soms dink ons ons sal nie kan lewe sonder iets nie, maar as mamma en pappa nee sê vir iets wat ons vra, is daar 'n goeie rede daarvoor.

Kom ons gebruik vandag die geleentheid om vir mamma en pappa dankie te sê dat hulle elke dag vir ons sorg en vir ons omgee.

Deel aan elkeen 'n dankie kaartjie uit. Help hulle om iets te skryf of te teken waarvoor hulle vandag wil dankie sê.

## groet

**Dankie Jesus dat U die beste weet.  
Jammer dat ek soms my eie wil, wil laat  
geskied. Help my om te verstaan dat U  
altyd die beste vir my wil gee.  
Amen**



Maak 'n dankie-kaartjie vir iemand  
vir iest waarvoor jy graag vandag wil dankie sê.  
Knip op die lyne en vou op die stippel lyn.



Dankie...

